"(d) Die Provinsiale Onderwys beleid word behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie so beplan dat

(11) gelet word op die algemene beginsels dat, vir sover dit verenigbaar mag wees met die ekonomiese besteding van staatsfondse en met die vereiste standaard van doeltreffende onderrig kinders in ooreenstemming met die wense van hul ouers opgevoed moet word."

By Artikel 1 van Ordonnansie 13 van 1957 is die woorde "die wense van hul ouers opgevoed moet word" vervang deur die woorde "sodanige wense van hul ouers opgevoed moet word as wat deur die ouers aan die Departement oorgedra word deur middel van 'n Skoolkomitee of liggaam in Artikel twee-en-vyftig genoem".

Dit is duidelik dat hierdie wysiging nie die wese van die artikel geraak het nie.

Artikel 56 handel oor die voertale en bepaal in sub-artikel (2) soos volg:

(2) Vir die toepassing van die bepalings van subartikel (1) moet die organisasie van die stelsel van openbare skole sodanig wees dat daar voorsiening gemaak word vir die onderrig van leerlinge in standerds tot en met die agste standerd in -

(a) skole waarin Afrikaans die voertaal vir alle leerlinge is;

(b) skole waarin Engels die voertaal vir alle leerlinge is;

(c) skole waarin die voertaal vir sommige leer-

linge Afrikaans en vir die ander Engels is."

Sub-artikel (3) het soos volg gelees:

"(3) As daar by die uitvoering van die bepalings van sub-artikel (1) bevind word dat die voertaal van die meerderheid van die leerlinge die een taal moet wees en die van die minderheid die ander taal, moet ooreenkomstig sodanige opdragte as wat die Direkteur in elke geval mag uitreik, reëlings getref word vir die doeltreffende onderrig van daardie minderheid òf deur parallelklasse òf deur onderwysers wat bevoeg is om deur medium van albei tale onderrig te gee òf deur leerlinge toe te laat tot òf oor te plaas na 'n skool wat voorsiening maak vir die vereiste voertaal: Met dien verstande dat nadat die minderheid die getal van honderd bereik het in die geval van 'n openbare skool, stappe ondanks andersduidende bepalings in hoofstuk 11 vervat, sodra moontlik gedoen moet word om 'n afsonderlike skool te stig indien daartoe versoek deur die meerderheid van die ouers van òf sodanige minderheid òf meerderheid van die leerlinge."

Hierdie subartikel is by artikel (2) van Ordonnansie 13 van 1957 vervang deurdie volgende nuwe subartikel:

"(3) Ondanks andersduidende bepalings in hierdie ordonnansie vervat maar behoudens die bepalings van subparagraaf (b) van subartikel (1) van artikel veertig, kan die Administrateur te enige tyd in sy diskresie bepaal of 'n openbare skool, insluitende 'n bestaande openbare

"skool, 'n skool moet wees van een van die klasse in paragraaf (a), (b) of (c) van subartikel (2) genoem en by die uitoefening van daardie diskresie moet die Administrateur die feit in ag neem dat dit die provinsiale onderwysbeleid moet wees om voorkeur te gee aan daardie klas van openbare skool in die vermelde paragraaf (a) of (b) genoem."

Wat die feite betref, blyk dit uit die stukke dat Van der Bijl Park in die afgelope jare 'n snelle ontwikkeling ondergaan het; en dat, behalwe vir 'n kort periode, daar 'n voortdurende akkomodasietekort vir leerlinge was nieteenstaande die aanbou van nuwe skole.

Ook blyk dit dat die Administrateur wat die Hendrik van der Bijl Skool betref, sedert 1950 die houding ingeneem het dat die Skool omskep moet word tot 'n enkelmedium skool om sodoende die akkomodasieprobleem te help oplos. Dit was die motivering vir die besluit vóór die wysiging van die ordonnansie en dit was ook die motivering vir die besluit na die wysiging.

Namens die Applikante is aangevoer, wat hul eerste punt betref, dat die diskresie wat aan die Administrateur onder die nuwe subartikel (3) van artikel 56 verleen word, nie 'n willekeurige diskresie is nie maar alleen uitgeoefen kan word na aanleiding van voertaalprobleme en dat dit nie uitgeoefen kan word om akkomodasieprobleme op te los nie.

Die diskresie moet ook uitgeoefen word met betrekking tot probleme wat alleen die skool self raak en nie met betrekking tot probleme van 'n hele gebied nie. Hierdie vertolking moet aan artikel 56(3) gegee word omdat

die subartikel deel uitmaak van 'n artikel wat handel oor huistaal as voertaal en oor die soort skool wat ingestel moet word om die beginsel van huistaal as voertaal toe te pas.

Dit is verder aangevoer onder hierdie hoof dat, indien ander probleme as voertaalprobleme aanleiding gee tot die uitoefening van die Administrateur se diskresie die begeertes en wense van ouers nog van oorwegende belang is onder artikel 3 (l)(d)(ii) van die ordonnansie.

Wat hierdie eerste grond van beswaar van die Applikante betref moet ek direk konstateer dat genoemde artikel 3(l)(d)(ii) vir my nie die betekenis het wat skynbaar daaraan gegee is by die vertolking van artikel 56 in die beslissing van Richardson & Others vs. Administrator, Transvaal.

Die artikel bepaal dat die Provinsiale Onderwys „behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie" so beplan moet word dat gelet moet word op die algemene beginsel dat, onderhewig aan sekere voorwaardes, kinders in ooreenstemming met die wense van hulle ouers opgevoed moet word.

Dit is duidelik dat hierdie artikel betrekking het op 'n onderwysbeleid wat geformuleer sal word by die uitvoering van die bepalings van die onderwysordonnansie. Waar die ordonnansie self die formele kant van die onderwys reël moet die departement die materiële kant versorg, bv. onder andere, watter vakke op skool behandel moet word.

Hierdie materiële beleid word nie behandel in die ordonnansie nie want dit moet beplan word deur die departement en dit kan wissel van tyd tot tyd. Wat die

ordonnansie wel bepaal is dat by die beplanning van hierdie beleid sekere faktore in aanmerking genoem moet word. Gevolglik sê die artikel ook:

> „die Provinsiale Onderwysbeleid word behoudens die bepalings van hierdie ordonnansie so beplan.."

Met ander woorde, die beleid wat beplan word, onder andere met inagneming van die wense van die ouers, is iets wat nie die bepalings van die ordonnansie raak nie.

Die bepalings van die ordonnansie geld afgesien van enige beleid wat beplan mag word. Gevolglik is die magte wat toegeken word onder die ordonnansie, met inbegrip van artikel 56, nie onderhewig aan begeertes van ouers nie en dit is die posisie tans en was dit ook na my mening vòòr die wysiging van 1957.

Hierdie vertolking wat na my mening aan artikel 56 gegee moet word beteken nie dat die juistheid van die vorige uitspraak in twyfel getrek word nie. Daardie uitspraak het hoofsaaklik op ander gronde berus wat nie nou ter sake is nie. Hierdie punt word egter genoem omdat ook in die onderhawige saak aangevoer is dat artikel 56 onderhewig is aan die bepalings van Artikel 3(1)(d)(ii) van die ordonnansie.

Afgesien van hierdie vertolking, en selfs al moet artikel 56 gelees word in die beperkte lig van artikel 3(1)(d)(ii), is die bepalings van eersgenoemde artikel so wyd gestel dat nie gesê kan word dat die Administrateur onder die artikel hom alleen moet bepaal by voertaalprobleme nie.

Namens die Applikante is beweer dat die inleidende sin van artikel 3(1)(d)(ii), nl. „Ondanks andersluidende bepalings.." geen uitwerking het op artikel 56 nie om-

dat artikel 56 nie 'n „andersluidende bepaling" bevat nie.

Volgens my mening beteken hierdie inleidende woorde dat die Administrateur 'n diskresie het nieteenstaande ander bepalings van die ordonnansie, waaruit afgelei sou kon word dat hy nie so 'n diskresie het nie. Na my mening is die diskresie verleen 'n administratiewe diskresie wat nie beperk is tot voertaalprobleme nie.

Wat die tweede punt betref waarop die Applikante hulle verlaat, bepaal artikel 40(1)(b) soos volg:

> „40(1)(b) Geen verandering mag gemaak word in die onderwysfasiliteite voorsien deur 'n provinsiale onderwysinrigting of aan die ligging of terrein daarvan nie, tensy die aanbeveling van die raad wat toesig daaroor het, verkry en deur die Direkteur oorweeg is. "

Dit is aangevoer dat die Skoolraad in die onderhawige geval 'n aanbeveling gemaak het op grond van akkomodasieprobleme van die gebied, dat die aanbeveling een is wat 'n verandering van beleid be-oog en dat so'n aanbeveling buite die bestek van die ordonnansie is.

Na my mening is die aanbevelingsbevoegdhede van die Skoolraad nie so beperk as wat namens die Applikante geargumenteer is nie.

Die derde punt waarop die Applikante steun is dat die Administrateur sy diskresie beperk het deur 'n vooropgestelde beleid te volg en dat die beslissing so onredelik is dat 'n afleiding van <u>mala fides</u> geregverdig is.

Myns insiens is dit nie nodig om al die bewerings en antwoorde en syfers aan te haal wat in die

stukke verskyn nie aangaande die voorsiening vir akkomodasie vir leerlinge in Van der Bijl Park.

Die Applikante het probeer aantoon dat die akkomodasieprobleem nie so groot is as wat die Administrateur voorgee nie, dat die probleem tydelik en maklik oplosbaar is sonder om die skool te omskep en dat in 1957 die departement 'n kunsmatige akkomodasietekort geskep het met die doel om die skool te omskep.

Applikante het terloops verwys na 'n politieke motief maar die Advokaat vir Applikante het aan die Hof meegedeel dat hy van daardie verwysing afstand doen.

Dit is duidelik volgens die stukke dat die Departement vir etlike jare van die standpunt uitgegaan het dat nieteenstaande die aanbou van nuwe skole en die aanwending van tydelike hulpmiddels daar 'n voortdurende tekort van akkomodasie is en dat die Hendrik van der Bijl Skool omskep moet word om die probleem te help oplos. Dis ook duidelik dat die ouers van die leerlinge konsekwent beswaar aangeteken het teen so'n omskepping. Na die wysiging van die ordonnansie in 1957 het die Administrateur weer die saak oorweeg en weer 'n beslissing geneem op grond van die akkomodasiemoeilikhede.

Dit is geensins bewys dat die departement gedurende 1957 'n kunsmatige akkomodasietekort geskep het nie. Dis wel bewys dat die Departement na die wysiging van die ordonnansie op dieselfde gronde as voorheen die Skool wou omskep. Dit op sigself is myns insiens nie 'n aanduiding van <u>mala fides</u> nie.

Dis ook bewys dat die akkomodasieprobleme op 'n ander manier opgelos sou kon word as die omskepping van die Skool; trouens die Hof sou miskien self, indien hy die

probleme moes oplos, dit doen sonder om die skool te omskep - maar dit is nog nie die toets vir *mala fides* nie. Artikel 56 soos gewysig (en met 'n aanduiding van 'n beleid wat enkelmediumskole bo parallelmediumskole verkies) gee aan die Administrateur feitlik 'n absolute administratiewe diskresie.

Om te bewys dat die Administrateur *mala fide* opgetree het, moet daar getuienis wees dat hy in werklikheid 'n ander oogmerk gehad het as die oplossing van 'n onderwysprobleem, of dat sy optrede so onredelik was dat hy 'n ander oogmerk moes gehad het.

Dit het die Applikante na my mening nie bewys nie.

Weens sekere erkennings namens die Applikante is deur die Respondent nie voortgegaan met 'n aansoek tot deurhaling van sekere paragrawe van die antwoordende verklaring van Applikante nie.

Die aansoek van Applikante word afgewys met koste.

(Get) F. RUMPFF

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN S. A.

199. ORDER OF COURT

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(Transvaal Provincial Division)

BEFORE the Honourable Mr. Justice RUMPFF.

PRETORIA, Thursday the 27th day of FEBRUARY, 1958.

In the matter between:

JAMES DONOVAN RICHARDSON & 4 OTHERS,

Applicants,

and

THE ADMINISTRATOR OF THE TRANSVAAL PROVINCE

Respondent.

HAVING on the 4th and 5th days of FEBRUARY, 1958, heard Mr. H. J. Hanson, Q.C., with him Mr. L. Lazar, of Counsel, for the applicants, and Mr. F. Badenhorst, Q.C. with him Mr. W. Human, Q.C. and Mr. J.J. Strydom, of Counsel, for the respondents, and having read the petition and affidavits filed;

THE COURT RESERVED JUDGMENT:

THEREAFTER ON THIS DAY:

THE COURT DISMISSES THE APPLICATION AND ORDERS:

1. That the Applicants pay the costs of this application but that only two Counsel be allowed to the Respondent;
2. That in respect of the 17th and 24th January, 1958, each party(ies) pay its/their own costs; and
3. That the Respondent pay the costs of today.

BY THE COURT,

(Sgd) L. BARRY

ASST. REGISTRAR.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(APPELLATE DIVISION)

In the matter between:

JAMES DONOVAN RICHARDSON

HENDRIK JOHANNES WEYERS

known as OSCAR WEYERS

DENYS PETER CAITHNESS

THE SCHOOL COMMITTEE OF THE
HENDRIK VAN DER BIJL SCHOOL — Appellants (Applicants)

and

THE ADMINISTRATOR OF THE TRANSVAAL PROVINCE

Respondent.

---

## NOTICE OF APPEAL

PLEASE TAKE NOTICE that the Appellants (Applicants a quo note an Appeal against the whole of the Order granted by the Honourable Mr. Justice Rumpff in the Supreme Court of South Africa (Transvaal Provincial Division) on the 27th day of FEBRUARY, 1958, in the above matter in which the application was dismissed with costs.

The parties hereto have consented to this matter proceeding direct to the above Honourable Court.

(Sgd) H. NANKIN
HENDRY NANKIN,
ATTORNEY FOR APPELLANTS,
204/208 Poynton's Building,
Church Street,
PRETORIA.

To:
The Registrar of the Appellate Division,
BLOEMFONTEIN.

And to:
The Registrar of the Supreme Court,
PRETORIA.

And to:
STATE ATTORNEY,
Veritas Building,
Fountain Lane,
PRETORIA.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(APPELLATE DIVISION)

In the matter between:

JAMES DONOVAN RICHARDSON

HENDRIK JOHANNES WEYERS
known as OSCAR WEYERS

DENYS PETER CAITHNESS

THE SCHOOL COMMITTEE OF THE
HENDRIK VAN DER BIJL SCHOOL — Appellants (Applicants)

and

THE ADMINISTRATOR OF THE TRANSVAAL PROVINCE — Respondent

---

NOTICE OF WITHDRAWAL FROM APPEAL BY THIRD AND FOURTH APPLICANTS

BE PLEASED TO TAKE NOTICE that Third and Fourth Applicants do hereby withdraw from the Appeal noted in the abovementioned matter.

DATED at PRETORIA, this 17th day of MARCH, 1958.

(Sgd) H. NANKIN
HENRY NANKIN,
ATTORNEY FOR APPELLANTS,
204/208 Poynton's Building,
Church Street,
PRETORIA.

To:
The Registrar of the Appellate Division,
BLOEMFONTEIN.

To:
The Registrar of the Supreme Court,
PRETORIA.

And to:
STATE ATTORNEY,
Veritas Building,
Fountain Lane,
PRETORIA.

CERTIFICATE

I certify the foregoing to be a true copy of the original record filed in this Office.

E. J. WHITE

REGISTRAR OF THE SUPREME COURT
TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION

**Collection Number: AD1901**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court Records 1958-1978**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.